LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

# Goedes Nuusbrief

NUUSBRIEF 20/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Leef u met bekommernis?

Ons lees die volgende in Mattheus 6:25 - 27: "Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? Leef u met bekommernis? Hoeveel van daardie dinge waaroor ons onsself bekommer handel nie oor materiële dinge nie? Wat ons moet eet of aanttrek nie. Christene het 'n ander doel, nie besittings nie, maar 'n ander koningkryk, die koninkryk van God. Ons lees in Lukas 12:31: "Maar soek die koninkryk van God, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Ons staan voor 'n keuse, ons kan in geloof leef of in vrees en bekommernis, ons kan nie albei op gelyke tyd leef nie. Die Bybel is vol van God se wonderlike beloftes vir Sy kinders. Wanneer ons die Woord van God ken kan ons herinner word aan daardie beloftes en daarop aanspraak maak. Wanneer God sien Sy kinders beywer hulle vir Sy koninkryk, stort Hy net nie sy oorvloedige geestelike seën op hulle uit nie, hy voorsien ook in hulle basiese behoeftes. Mag u as ouer hierdie wonderlike waarheid ontdek.

## Goegieland

Baie dankie dat julle ons Soete Drome-konsert en Oupa- en Oumadag so soet soos suiker gemaak het! Dankie vir die koekies, die kamera-flitse, die trane van trots en die ekstra hande en arms vir drukkies. Julle ondersteuning is die versiersuiker op ons koek! Ons waardeer julle baie — sonder julle sou ons dalk net 'n gewone Vrydag gehad het… en nou het ons "sugar rush" en tonne herinneringe! Foto's van die Oupa- en Oumadag sal so gou as moontlik aan u deurgestuur word vir bestelling.

Ons doen 'n ernstige beroep op u om maats warm te klee vir die wintermaande. Maats sal slegs baadjies mag uittrek indien hul 'n langmouhemp aan het. Geen skoene word nou meer bedags uitgetrek nie. Ons vra ook asseblief dat u alles sal merk.

Geniet die langnaweek. Ons sien u weer Dinsdag.

Groete uit Goegieland.

## Akademie

Die eerste week van die eksamen is verby en oor die algemeen het dit goed gegaan. Die meeste van die foute wat die kinders maak is wanneer hulle nie die vrae deeglik lees nie. Kinders MOET kernwoorde op die vraestel "highlight". Dit is belangrik dat ons, ons kinders steeds sal motiveer om hard te leer. Ons moet ons kinders leer, ons kan nie kwaad wees oor die resultate as ons nie die werk ingesit het nie. Praat ook met die kinders om met erns die vraestelle te skryf, elke vraag is belangrik. Kinders moet die laaste week van die kwartaal by die skool wees. Vraestelle en ander belangrike werk gaan in hierdie tyd behandel word. Werk wat tydens hierdie tyd behandel word sal nie weer herhaal word vir leerders wat sonder rede afwesig is nie.




## Week se Program

### 17 Junie 2025

- **Eksamen: Gr. 4 - SW Geskiedenis**
- **Eksamen: Gr. 5 - NW**
- **Eksamen: Gr. 6 - SW Geskiedenis**
- **Eksamen: Gr. 7 - SW Geografie**

### 18 Junie 2025

- **Eksamen: Gr. 4 - NW**
- **Eksamen: Gr. 5 - LV**
- **Eksamen: Gr. 6 - Wiskunde**
- **Eksamen: Gr. 7 - Tegnologie**

### 19 Junie 2025

- **Eksamen: Gr. 7 - PO**

### 20 Junie 2025

- **Eksamen: Gr. 7 - EBW**

### 21 Junie 2025

- **Bergfiets: TWK te Piet Retief**
- **Landloop: ASA te Lake Umuzi**
- **Netbal: MPU A-Kampioenskappe**

### 20 & 21 Junie 2025

- **Mini-Hokkiekliniek**

# Netbal o/11A Challenger Cup



Baie geluk aan ons o/11A-netbalspan wat 2de geëindig het tydens die afgelope naweek se Challenger Cup te Witrivier. Die top 6 spanne in die provinsie het met trots aan die toernooi deelgeneem. Daar word altesaam 5 wedstryde gespeel. Hierdie dogters het hul harte uitgespeel, nooit moed opgegee nie, en met styl tot die einde toe volgehou. Ons is ongelooflik trots op julle! Uitslae was as volg:

| | | |
|---|---|---|
| LS Nelspruit | 11 - 8 | Wen |
| LS JJ vd Merwe | 12 - 7 | Wen |
| LS Klipfontein | 13 - 5 | Wen |
| LS Middelburg | 10 - 11 | Verloor |
| LS Lydenburg | 8 - 9 | Verloor |

# Bergfiets



Groot dinge gebeur by Goedehoop se fietsry! Saterdag was 'n fantastiese leergeleentheid met Marc Fourie, wat ons leerders baie vaardighede geleer het om in die opkomende wedrenne te gebruik. Die maats het vinnig aanklank by hom gevind, aangesien hy so lief is vir die sport. Daar is 'n nuwe paadjie wat uitgery word met 'n paar nuwe hindernisse, en oefeninge lyk sommer nou na groot pret! BAIE dankie aan die wonderlike span wat die nuwe hindernisse vir ons beplan en gebou het! Hou Goedehoop se fietsry gerus dop! This is how legends are made!!!


# Algemene Kennis Gr. 1 tot 3

Dit is weer tyd vir ons jaarlikse Junior Algemene Kenniskompetisie. Enige belangstellende leerder in die grondslagfase (Gr. 1 tot 3), kan deelneem en hiervoor inskryf deur die skeurstrokie en inskrywingsfooi (R50) voor/op Vrydag, 27 Junie 2025 in the handig by hul klasvoog. Die nodige pakkie inligting sal dan voor die wintervakansie aan hul gegee word. Nie net kan hul algemene kennis verbreed en uitgebrei word nie, maar daar is ook oulike boekpryse op die spel. Elke deelnemer hieraan sal 'n sertifikaat ontvang. Die kompetisie sal vroeg in die 3de kwartaal plaasvind. Boekpryse sal aan die leerders tydens 'n saalopening oorhandig word.

# Goedes July

Die eerste week van kaartjieverkope is verby en kaartjies cha-cha-cha vinnig!! Moenie die “warm havannah night” mis nie! Dis jou geleentheid om soos ‘n Koning en Konining behandel te word terwyl daar gedans, gelag en gekuier word. Moenie wag tot op nr. 99 nie...koop nou!

Wanneer: 23 Augustus 2025<br>
Koste: R500/persoon vir “early bird” kaartjies.<br>
Lets Salsa the night away!!




| 16 Jun | 17 Jun | 18 Jun | 19 Jun | 20 Jun | 21 Jun | 22 Jun |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Euné Toerien | Keenan Bronkhorst<br>Sulanica Nortjé | Le-Roy Bruyns | Mieke de Beer<br>Sumi Nagel<br>Leané vd Merwe<br>Kian Vosloo | Katelyn du Plessis | Neelz Pelzer<br>Marlie Venter | Hennali Koekemoer |

# Landloop Interprovinsiaal

Ons wil baie sterkte sê vir die volgende landloopatlete wat Saterdag, 14 Junie 2025 te Bergsig Academic, Rustenburg aan die Interprovinsiale kampioenskappe gaan deelneem.

Rori Mokheseng
Arlu Greef
Jana Steyn
Mianique van Zyl
Marelie Koch
Mia-né Smit
Marno Campher
Reinhardt Reyneke
Charlize Labuschagne
Lucan Lessing
Hayley Louw
Chloe Kleb
Hailey Herbst
Milan Zwarts
Marlie Venter
Willie-Uys J.v. Rensburg




LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

